# Curriculum Vitae:

**Laas opgedateer op 18 Mei 2016**

**HENRY H. PINKHAM**
Walterlaan 1217B, Waverley, Pretoria
+27-12 332 4500 of +27-83-762-6708
copywriter@juno.com

# WERKREKORD (Mees onlangse werk eerste)

## VRYSKUTVERTALING

Doen tans vryskutvertaling, Duits/Nederlands/Afrikaans Engels asook Engels/Duits/Nederlands>Afrikaans vir firma's en instansies soos:
ICanLocalize, Travod, Lionbridge, Translated, Wagner International, Global Textware, Lingua World, McGraw Hill, Poli-Lingua Projects, Verenigde Nasies, ens.

**VRYSKUT REDAKTEUR/PROEFLESER** vir proefskrifte/verhandelinge vir studente aan verskeie universiteite. 1994 tot tans.

**REGISSEUR VIR OORKLANKING** van TV-advertensies vir Tag International (Londen) in Johannesburg as plaaslike kopieskrywer. Verskeie oorklankings vir veral seepprodukte. Vanaf ongeveer Feb 2011 tot Desember 2011.

**VRYSKUTVERTALING** uit Nederlands/ Duits/ Afrikaans na Engels soos gewerf op die Internet. Mei 2008 tot tans.

**VERSKEIE VERTALINGS** vir SDL-Trados (Sheffield) en ander.

**VRYSKUT MEDIESE VERTALING/EVALUERING** vir Lionbridge International Engels na Afrikaans. Ongeveer Februarie 2010 tot tans.

**VRYSKUT MEDIESE VERTALING vir SDL-Trados (Sheffield)** Nederlands/Vlaams na Amerikaanse Engels. Februarie 2007 tot ongeveer Desember 2010.

**DIATOMIET/DIATOMS SA**
Navorser, kopieskrywer, Julie 2006 tot tans. Vors die gebruike vir die produk na in allerhande toepassings, soos spoorweë, gemeganiseerde boerdery, vee- en wildboerdery, insektedoders, steenmakery, filtrering, papiernywerheid, verfnywerheid. Smelterye, ens. Opstel van dokumente, plaas van advertensies, hou van voorraad, verkope, ens. .

**BOSTON CITY CAMPUS AND BUSINESS COLLEGE**
Deeltydse lektor: Kommunikasietudies, Taalvaardighede, Kopieskrywing, Skryfvaardighede. Junie 2004 tot Des 2006.

**LANGUAGE-ON-LINE**
Hersiening en redigering, dmv die Internet, van opstelle en werkopdragte geskryf deur studente aan die Universiteit van Phoenix (VSA), Nov 2003 tot Nov 2004.

**PROFESSIONELE TAALDIENSTE**
Eie taalpraktyk, netwerk met ander taalpraktyke/vertaalbesighede/vertalers, Jan 1997 tot tans. Kontrakteur/vryskut/agentskap: Vertaling/redigering/proeflees/hersiening/opstel van woordelyste, ens. vir kliënte. Internasionale kontrakteur op Internet. Proeflees/redigeer van student se proefskrifte /verhandelinge en artikels.

**WOLF INISIATIEF PUBLIKASIES**
Eienaar/Redakteur: advertensieblad (**INISIATIEF**) ('n Maandelikse advertensieblad wat gesirkuleer het binne militêre eenhede in die Pretoria-gebied) Okt 1995 tot Jul 1997, **(10 000 eksemplare maandeliks uitgegee).** Daarbenewens ook 'n opinievormer-tydskrif (**BAROMETER**). Werf van advertensies, skryf van artikels en advertensies (kopie), beplan en uitlê van tydskrif, aankoop van papier, onderhandel met drukkers, neem van papier na drukkers, Afhaal van gedrukte werk, verspreiding, ens.

**S.A. WEERMAG/ S.A. NASIONALE WEERMAG: HOOF TAALPRAKTISYN, S.A. LEËR (Stafoffisier 1, Leersaal)** Jan1993 tot Okt 1996 (verantwoordelik vir alle gedesentraliseerde Taalpraktisyns in die S.A. Lëer oor die hele land en die standaard van hulle werk).
Opstel van 'n taalplan en 'n taalbeleid vir die S.A. Leër.
Aanbied van taalplan en taalbeleid aan Generaals.
Laaste militêre rang beklee: Majoor.
**Bevelvoerder, S.A. Lëertaalburo** 1988 tot 1992.
Deelname aan redaksionele komitees vir weermagwoordeboeke en amptelike tydskrifte van die S.A. Leër**;**
Taalkonsultant vir Hoof van die Leër en sy staf;
Aanbied van lesings en skryf van tydskrifartikels oor taalgebruik.
**Tweede-in-Bevel, S.A. Leërtaalburo**, 1984 tot 1988.
Aanbied van geletterdheidlesings ens. (Ongereeld)
Deelname aan redaksionele komitees vir weermagwoordeboeke en amptelike tydskrifte van die S.A. Leër**;**
Taalkonsultant vir Hoof van die Leër en sy staf;
Aanbied van lesings en skryf van tydskrifartikels oor taalgebruik;
Versamel van terme, skep van nuwe terme, saamstel van glossaria en termelyste, bestudering van nuwe tendense in die verdedigingsnywerheid ten einde pro-aktief terminologie te skep en woordelyste saam te stel.
**Taalpraktisyn (Onderoffisier)** Mei 1972 tot 1984.
Vertaling/redigering/proeflees van alle tipes dokumente wat binne die S.A. Leër gebruik is, soos bv opleidingsmateriaal, tegniese handboeke, tegniese spesifikasies, dragvoorskrifte, ens.;
Versamel van terme, skep van nuwe terme, saamstel van glossaria en termelyste, bestudering van nuwe tendense in die verdedigingsnywerheid ten einde pro-aktief terminologie te skep en woordelyste saam te stel;

**SAVAGE & LOVEMORE**, Germiston, (Padboufirma).
Klerk. Jan tot Apr 1972. Assistent vir Boekhouer.

**PHIL MORKEL MEUBELEERDERS**, Witbank, Transvaal.
Meubelverkoopsman. 1 Sep 1971 - 30 Nov 1971.
Verkoop meubels aan kliënte.

**WHITE RIVER FRUIT GROWERS KOÖPERASIE**, Witrivier.
Winkelassistent. Jul 1970 tot einde Aug 1971. Verkoop van boerdery- en bosbouvoorrade, gereedskap, hardeware, en algemene goedere aan lede van die koöperasie (sitrusboere, houtboere, piesangboere, ens.) en aan hulle werkers en hulle gesinne.

**FARMEC (OOS) BPK**, Middelburg en Nelspruit.
Verkoopsman vir Trekkers en Plaasimplemente (Hoofsaaklik Massey-Ferguson). Feb 1970 - Jun 1970. Besoek plase, karteer gebied (wie besit watter plaas, hoe 'n mens daar kom, ongeveer hoe groot die plaas is, watter soort boerdery bedryf word, telefoonnommers, ens.), ten einde te weet watter soort toerusting aan Boere verkoop kan word. Verkoop van toerusting aan boere en nywerhede.

**CHRISTOPHER'S UITRUSTERS**, Witbank.
Assistent in klerewinkel. 31 Sep 1969 tot 28 Jan 1970. Verkoop van klerasie aan kliënte.

**HIGHVELD STAAL**, Witbank.
Metallurgiese Waarnemer. 17 Des 1968 tot 31 Sep 1969. Rekordhouding en beskrywing van staalmaakproses vir elke afsonderlike pot of gietsel staal wat vervaardig word, ten einde 'n geskiedenis te verkry van elke gietsel wat gemaak word.

**MANDREL INDUSTRIES, HOUSTON, TEXAS, USA**
Seismologiese Waarnemer aan boord Tidewater Marine se *MV JEPTIDE* langs die Kaapse kus, Madagaskar, en die Suidkus van Mosambiek. 3 Mei 1968 tot 3 Okt 1968.
Rekordhouding en beskrywing van seismologiese proses ter see, ten einde te bepaal waar ondersese gaskoepels geleë is.

**STADSRAAD VAN PRETORIA**
Liasseerklerk, Boukantoor. 1 Feb 1967 tot 31 Mrt 1968. Registreer van bou- en rioolplanne en neem van geregistreerde planne na bou- en rioolinspekteurs, en hantering en liassering van lêers daarna.

**STUDENT (VOLTYDS)** Feb 1956 tot Des 1976.

**TRANS ALLOYS (EDMS) BPK.**
Leerlingoperateur in staalaanleg (tydelike werk na nege maande se basiese opleiding in die S.A. Leër en voor aanvang van universiteitklasse. 29 Sep 1964 tot 3 Feb 1965. Hanteer staalmaaktoerusting onder toesig van operateurs met ondervinding.

# ONDERRIG EN OPLEIDING

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA Mediese Terminologiekursus 1999.

A.T.K.V. Radioprogramaanbieder- en omroeperskursus 1997.

GS1 (S.A. LEËR) GroupWise-kursus 1996.

INFOPLAN Word Perfect 5.1-kursus, 1993.

PERSONEELDIENSSKOOL (S.A. LEËR) Gevorderde Militêre Reg, 1991.

INFOPLAN Novell LAN (Eindgebruikers)kursus, 1989.

S.A. LEËRKOLLEGE / SA LEËRGEVEGSKOOL (S.A. LEËR) Vegspanbevelvoerders (Staande Mag) 1988.

VERWOERDBURG TEGNIESE KOLLEGE Praktiese Elektronikakursus, 1984.

S.A. LEËR (STAANDEMAG) Offisiersvormingskursus en verskeie Staandemag-offisierskwalifiseringskursusse/bevorderingskursusse, 1978 tot 1988.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA BA (Tale) 1978.

S.A. LEËR (STAANDE MAG) Basiese Militêre Opleiding (Staande Mag) en verskeie onderoffisierskursusse (kwalifisering en bevordering). 1972 – 1978.

S.A. LEËR (S.A. INFANTERIEKORPS) (BURGERMAG) Ononderbroke Militêre Opleiding, 3 weke per jaar 1965 tot 1972 (8xBurgermagkampe).

S.A. LEËR (S.A. INFANTERIEKORPS) (DIENSPLIG) (Nie geloot nie, Vrywillig gegaan) Basiese Militêre Opleiding (9-maande kursus) 1964.

HOËRSKOOL GENERAAL HERTZOG, WITBANK, *Matrikuleer 1963* – Kleure aan my toegeken vir Kuns, Volkspele.

# LESINGS GELEWER TYDENS KONFERENSIES

AFRIKAANS AS 'N BEDREIGDE TAAL ("Afrikaans by sy Bloedrivier") Lesing gelewer op 15 Desember 2003 te Vereeniging.

TAALBEPLANNING EN VERSPREIDING BINNE DIE USSR: Gelewer te Pietermaritzburg, tydens die Sesde Militêre Taalkongres op 15 Junie 1989.

TAALBEPLANNING IN DIE VOLKSREPUBLIEK VAN SJINA: Gelewer te Leërkollege, Voortrekkerhoogte in April, 1987.

TAAL IN INTER-ETNIESE KONFLIK: Gelewer te Leërkollege, Voortrekkerhoogte, in September, 1985.